AKADEMIA

AD FUTURUM PER FONTES

# *Intern:*
# STUDENTESAKE

PAARL

Akademia is ŉ Christelike, klassieke en onafhanklike hoëronderwysinstelling wat verbind is tot die uitnemende opleiding en vorming van studente vanuit en vir Afrikaanse taal- en kultuurgemeenskappe. Akademia het ŉ internskap in die Studentesake-afdeling op die Paarl-kampus beskikbaar. Die pos rapporteer aan die bestuurder: Studentesake in die Paarl en sal nou met die Studentesake-personeel in Pretoria saamwerk.

## POSDOELSTELLING

Die posbekleër sal met die Studentesake-afdeling saamwerk om studenteaktiwiteite vir voltydse kampus- asook nauurse afstandstudente te beplan, uit te voer en by te woon.

## VERANTWOORDELIKHEDE

- Die uitvoer van geïdentifiseerde studentelewe- en studenteondersteuningsprojekte.
- Die bied van algemene ondersteuning aan die studenteleierskapstrukture.
- Die ondersteuning van studentelewe- en studenteondersteuningsprojekte en -inisiatiewe.

## POSVEREISTES

- Finalejaarstudente wat ingeskryf is vir of reeds oor ŉ B-graad in Projekbestuur, Bemarking, Kommunikasie en/of Onderwys of ŉ gelykstaande kwalifikasie beskik.
- Ervaring in ŉ administratiewe rol.
- Blootstelling binne die uitvoering van studenteaktiwiteite of ŉ goeie begrip van studenteaktiwiteite sal in die kandidaat se guns tel.
- Dit is belangrik dat die kandidaat met Akademia se waardes en vormingsideaal vereenselwig.

## VAARDIGHEDE

- Administratiewe en organiseringsvaardighede
- Interpersoonlike vaardighede
- Goeie skakel- en kommunikasievaardighede
- Konflikbestuurvaardighede
- Die vermoë om onafhanklik én in spanverband te werk
- Moet maklik by verskeie situasies kan aanpas
- Probleemoplossingsvaardighede
- Moet onder druk kan funksioneer
- ŉ Positiewe ingesteldheid, dryfkrag, motivering en inisiatief hê
- ŉ Liefde vir Afrikaans hê
- ŉ Ambassadeur vir Akademia wees deur te help om die instelling uit te bou

**Klik hier om vir die pos aansoek te doen.** Slegs Afrikaanse CV's sal aanvaar word. **Aansoeke moet voor of op 23 Januarie 2026 ingedien word.** Stuur ŉ e-pos met jou Afrikaanse CV na personeelnavrae@akademia.ac.za indien jy probleme met die skakel ervaar.

Akademia behou die reg voor om nie ŉ aanstelling te maak nie. Akademia is kragtens die Wet op Hoër Onderwys 75 van 1997 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geregistreer (registrasienommer: 2011/HE08/005). Akademia is deel van die Solidariteit Beweging.

Akademia-hoofkantoor, Von Willichlaan 284, Centurion // 0861 222 888 // **www.akademia.ac.za**

**Akademia MSW** (Maatskappyregistrasienommer: **2005/024616/08**) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, Registrasienommer: 2011/HE08/005; Direkteure: M.J. Visser (besturende direkteur), dr. D.J. Hermann, H.J. Schalekamp, P.W.A. Steyn, prof. D.P. Goosen, P.J.W. Buys en J.D. Symington.